**Dinsdag 16 Februarie**

**Skrifgedeelte: Matteus 11:25-30; HK Sondag 7, Vraag 20**

## Die uitverkiesing en die mens se verantwoordelikheid

In die vorige dagstukkie (15 Feb.) is aangedui dat die uitverkiesing en die redding van die mens 'n daad van die Drie-enige God is. Tog beteken dit nie dat die mens nou passief moet wees in die diens van die Here of selfs 'n goddelose lewe kan lei en dan tog gered sal word nie (Rom. 6:1); inteendeel, die Skrif toon baie duidelik aan dat as mense verlore gaan, *dit hulle eie skuld is* (Eseg. 18:25-32; Matt. 23:37; 25:31-46). Die Here eis van ons om Hom aktief en met oorgawe te dien. Dit blyk daaruit dat Antwoord 20 van die belydenis sê dat ons Christus en al sy weldade in die geloof moet aanneem. Naas die passiewe deel van ons verlossing, die "ingelyf word" in Christus as daad van God, is daar die aktiwe deel as daad van die mens: ons moet self Christus en al sy weldade in die geloof aanneem (Joh. 1:12). Christus sê wel dat niemand na Hom toe kan kom as die Vader dit nie aan hom gee nie (Joh. 6:65), maar Hy roep ons ook tot aksie as Hy sê: *"Kom na My toe ... en Ek sal julle rus gee"* (Matt. 11:28). Hierdie roeping wat op ons rus om aktief die Here te dien met die oog op ons verlossing, word duidelik in die Skrif aan ons voorgehou. Dink maar aan uitsprake soos die volgende: *"Bekeer julle, bekeer julle sodat die sonde nie julle val bewerk nie"* (Eseg. 18:30). *"Wie tot die einde volhard, sal gered word"* (Matt. 24:13). *"Span al julle kragte in om by die smal deur in te gaan"* (Luk. 13:24). As 'n mens hierdie bevele uit God se Woord hoor, kan jy nie passief wees as jy die ewige saligheid wil beërwe nie.

Dit mag lyk of ons hier met 'n teenstrydigheid te doen het. Enersyds word gesê dat die geloof van God kom en dat ons niks daaraan kan doen nie. Andersyds word dit duidelik gestel dat dit ons roeping is om te glo. Ons moet erken: 'n duidelike logiese verklaring van hierdie probleem sal ons nooit kan gee nie. Ons het hier te doen met 'n verborge saak en, daarom geld die woorde van Moses ook hier: *"Die verborge dinge is vir die Here ons God, maar die geopenbaarde dinge is vir ons en ons kinders om te te doen al die woorde van hierdie wet"* (Deut. 29:29; 1953-vertaling). In die lig hiervan moet ons nie by die verborge begin en vra: Is ek 'n uitverkorene? nie. Ons moet begin by die geopenbaarde dinge, en dit is dat ons moet glo om gered te word. Toe die tronkbewaarder van Filippi volgens Handelinge 16 aan Paulus en Silas gevra het: "Wat moet ek doen om gered te word?", het hulle nie aan hom gesê dat hulle nie weet of hy uitverkies is nie. Nee, hulle het hom dadelik geantwoord: "Glo in die Here Jesus en jy sal gered word." Dit sê die Here deur sy Woord ook aan ons. En as ek glo, weet ek dat ek uitverkies is.